# Gesamentlike operasie in KZN lewer onwettige sigarette en dwelmmiddels op

**Tshwane, 4 Maart 2022** - 'n Gesamentlike operasie tussen die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se doeane-beamptes, die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die Metropolisie, het gister gelei tot die beslaglegging op meer as 2 miljoen sigarette en dwelmmiddels in Durban.

Die klopjag het plaasgevind by drie wonings van 'n bekende sigaretverskaffer in Phoenix, Durban. 'n Totaal van 2.31 miljoen sigarette, ter waarde van nagenoeg R3.1 miljoen, is tydens die klopjag op beslaggelê. Die sigarette was teen so 'n lae waarde verkoop dat dit duidelik was dat geen aksynsregte daarop betaal is nie. 'n Volledige oudit sal nou op die goedere uitgevoer word.

Daar is ook dwelmmiddels gevind by twee van die persele, wat mandrax en dagga insluit met 'n straatwaarde van nagenoeg R10 000. Die dwelmmiddels is aan die SAPD oorhandig vir verdere ondersoek.

Hierdie voorval vorm deel van 'n voortgesette operasie van kragtige optrede teen onwettige sigaretverspreiders in die KZN-streek. Die fokus van die operasie is om seker te maak dat alle sigarette wat binne Suid-Afrika verkoop word, die wette nakom en dat die vereiste belastings daarop betaal is. SARS tree ferm op om die onwettige tabakindustrie in die land te probeer bestry, en sal aanhou om doeane- en belastingoudits uit te voer op alle nienakomende handelaars en belastingpligtiges.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê, "SARS is verbind tot die handelsfasilitering en groei in die land se ekonomie. SARS sal volhou om dit maklik en kommervry te maak vir handelaars om hul wetlike verpligtinge na te kom deur helderheid en sekerheid aan te bied. Daarby bou SARS aan sy vermoë om dit duur en moeilik te maak vir handelaars wat kies om nienakomend te wees. Dit is 'n waarskuwing dat ons elke klip sal omkeer en streng sal optree om te verseker dat diegene, wat betrokke is by kriminele optrede, vervolg sal word.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.